


# Vergezicht

**Ek kan!**
**I can!**

Privaatskool Private School

Prospect House, Morkelstraat, Somerset-Wes. 7130
www.vergezicht.co.za

# Die Inkpot



## NOVEMBER 2021

**Liewe lesers,**

**Ons is amper klaar met die jaar! Baie dankie aan al die ouers, kinders en Vergezicht-personeel wat weer hierdie jaar bewys het dat ons die "Ek kan!" skool is.**

**Groete,**

**Die Nuusspan**



Rowen Bosman, Ava February en Aiden Steenkamp speel heerlik met skuim by die Nasorg.






4 November – Nicholas Geldenhuys,
5 November – Daniel Lotz,
20 November – Sebastian Eales , 22 November – Jaden Hearn ,
26 November – Schalk van Wyk ,
29 November – Juffrou Sannette Gibson, Alita van der Merwe



# Bly fiks!

Ons kinders werk hard in die klas, sodat hul **breins** fiks kan bly.
Hulle neem ook ywerig deel aan L.O. sodat hul **lywe** fiks kan bly.



Kaden Rix & Kayyum Montjies



Michiel le Roux & Ulrich van Coller





Rogue Stoltz, Simoné Reyneke, Ulrich van Coller, Kaden Rix







Kira Harriri

# *Graad 2-pret*



Mia Railoun, Emmanuel Radzilani, Gary Andrews



Emmanuel Radzilani





Ruby Gotz, Johan Terblanche, Mia Railoun, Gia Sinden

# Die wolf en die 7 bokkies






Gia Sinden




Garry Andrews, Meah Railoun, Johan Terblanche, Jean Eybers, Le Roux Pretorius, Emmanuel Radzilani



# Vergezicht:

## 'n Unieke leer-omgewing waar alle kinders hul eie potensiaal kan ontwikkel.




## Taktiele leer

Kinders leer op hul beste wanneer **alle** vorms van leer ingespan word. In die Graad 2-klas "*skryf*" die outjies soms voel-voel en vat-vat.

Baie geluk met jou mooi woorde, Jean Eybers!



# Somer-eetgoed













Die Graad 5e-klas  het 'n projek gedoen oor ons vlag en die simboliek van die kleure in die vlag.

Slade Duncan, Edward Brown, Zion Crafford, Jasmine Hirshowitz, Daniel Lotz, Annabella Snyman, Abygayl Fox

# Die Suid-Afrikaanse Vlag



**A riddle**:
Take away my first letter,
I am still the same.
Take away my last letter,
I have not changed.
Take away all my letters,
I am still me!
What am I?

- Annabella Snyman-



Answer: A Postman

## Dis lekker in die Nasorg!





Rowen Bosman



# Verf + gom + papier + pret = kuns!

# En ons is amper klaar...










# Fietsry-nuus

Op 23 Oktober het 3 van ons fietsryers deelgeneem aan die *Western Cape Schools Cycling* toernooi. Omdat dit die oggend nog gereën het, was die roete by Pinehurst vol modder, maar dit het ons spannetjie nie afgeskrik nie! Hulle het die modderige roetes (3 tot 8 km) met entoesiasme aangepak.
Hoe ouer 'n kind was, hoe meer rondtes moes hy ry.

Vergezicht was 11de van die 28 skole. Baie geluk manne!







Baie dankie aan Juffrou Maraisa, die spanbestuurder.





**Ernst Engelbrecht**










**Jade Cornelius**

Alhoewel Jesse Rademeyer nie in Vergezicht is nie, is hy al sedert die bestaan van die klub, ‘n lid.

Welgedaan, Jesse!

“Mens sana in copora sano”

‘n Gesonde liggaam huisves ‘n gesonde gees


















188




Aanhaling van die maand.

## Weightloss, to maintain or regain?

## The science of results.



Dr Liske Kotze het op 29 Oktober ’n praatjie gelewer oor vetsug, diabetis en insulienweerstandigheid. Sy het 'n holistiese benadering tot probleemoplossing wat genetika, biochemie en fisiologie kombineer vir nuwe oplossings.

Baie dankie aan Juffrou Hanél wat alles gereël het.

# Stemdag by Vergezicht

Die Graad 1-leerders het op Dinsdag, 2 November, hulle stemdag gehad. Hulle het gestem vir hulle gunsteling sjokolade.  Hulle moes deur die verskillende stasies gaan:

**1)Identifikasie-stasie:** hulle identiteit word bekend gemaak
**2)Ink-stasie:** hulle kry die inkmerk op die linkerduim
**3)Stempapier-stasie:** hulle ontvang die stempapier
**4)Stemtafel:** hulle sit en stem vir hulle gunsteling sjokolade
**5)Stemboks:** hulle plaas die stempapier in 'n houer


Stem vir jou gunsteling sjokolade X

| | |
|---|---|
| Kit Kat | |
| 5 star | |
| Bar One | |
| Tex | |
| TV Bar | |
| Lunch Bar | |
| Rolo | |
| PS | |

Stempapier


Mika Kapperer


Anya Retief


Amount

| | Chocolate | Tallieng | Amount |
|---|---|---|---|
| Kit Kat | | HHT | 5 |
| 5 star | | | 0 |
| Bar One | | II | 2 |
| Tex | | I | 1 |
| TV Bar | | I | 1 |
| Lunch Bar | | II | 2 |
| Rolo | | | 0 |
| ② PS | | III | 3 |

Die wenner is KitKat!









Klaar gestem!

Graad 2's het die geleentheid gehad om ander te motiveer om vir hulle te stem as klaspresident. Gia Sinden is gekies as ons klas se president vir 2021.








Gia Sinden

Ruby Gotz





Gia Sinden

Johan Terblanche



Gary Andrews



Gary Andrews



Emmanuel Radzilani



Aron Snyman




Ruby Gotz




Meah Railoun




Le Roux Pretorius




Waldo Venter





Gary Andrews




Emmanuel Radzilani








Johan Terblanche

Aron Snyman

# Umalusi klaring – Ons doen dit weer!

**Umalusi akkrediteer** private verskaffers van onderwys en opleiding om **kwaliteit onderrig te verseker.** As onafhanklike skool moet ons Vergezicht-span voortdurend op ons tone bly, sodat ons verseker is van 'n Umalusi akkreditasie.




As 'n skool geakkrediteer is, is dit gekeur vir **opvoedkundige uitnemendheid** en studentesukses.  Wanneer 'n instelling nie geakkrediteer is nie, is daar egter geen manier om die gehalte van hul onderwys of hul integriteit te verifieer nie.

Ons **standaarde is so goed**, dat ons 'n klaring ontvang het wat **geldig is tot Desember 2025**!

Baie dankie aan **Carin ten Cate** en **Juffrou Sannette**  vir hulle harde werk met Umalusi.

UMALUSI Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training



Vergezicht is die "Ek kan" skool!



# Hondedag

Op 5 November het ons by Vergezicht ons jaarlikse Hondedag aangebied. Die leerders was so opgewonde om met hulle viervoetige vriende te spog en almal het die dag geniet.

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het - julle is almal supersterre! Baie dankie ook aan almal wat donasies geskenk het vir die minderbevoorregte troeteldiere in ons gemeenskap. Die donasies is geskenk aan HART, wie baie dankbaar daarvoor was.

**Helderberg Animal Rescue Team**



Beste toertjie: Marc Leinberger & Truffles



Beste kostuum:
Matthew Dooge-Coetzee & Guido & Sage



Hond en eienaar "look-alike": Ethan Burger & Monty



Zion Crafford & Rosie

Wian Messina & Blikkies





Rogue Stoltz & Luna



Dawid Prinsloo & Gracie



Waldo Venter & Patat



Luca Boshoff & Peppa



Annabella Snyman & Riley



Simone Reyneke & Jessie



Kayla Allen & Alex



Gary Andrews & Bastar



Christopher Smith




Louise van "HART" & Lino & Marc.



**Baie dankie aan Juffrou Welna wat die Hondedag gereël het!**

# Hullo Mitchie!

Mitchie, Mevrou Gibson se katjie, het die harte van ons kinders gesteel. Hulle is versot op hom en wil hom die heeltyd sien, vashou of vertroetel.  Hy bring groot vreugde vir almal wat so aan die einde van die jaar gespanne is oor die laaste paar weke van skool.  Welkom by die Vergezicht-familie, Mitchie!



Ek is in Vergezicht Privaatskool… Miaau!

Mitch is as dainty as snowdrops
that fall from the skies,
Is this dear little kitten with
bright shiny eyes
And velvety ears and pretty
pink nose
And lovely white suit of soft
furry clothes.

Ghia Hayes

Nee Lisa, ek mag jou nie help nie…





# Leerderbesprekings



*Juffrou Marlise gesels oor Graad R en Tertia Morris en Marie-Hélène Vorster luister aandagtig.*

Op Saterdag, 13 November, het ons die 4e kwartaal se Leerderbesprekings gehou. Almal was al van 7vm af gereed om gesels, te luister en raad te gee. Baie dankie aan die personeel wat weer eens kom wys het hoe mooi hulle met ons kinders werk!



Totsiens! Ons volgende Nuusbrief is in Desember.



Juffrou Hanel & Aron Snyman